ORANIA LANDBOUVERENIGING

Tel: 073 104 9649

Epos: navrae@oranialandbou.co.za

VERSLAG

VAN DIE

ORANIA BEKOSTIGBAARHEIDSINDEKS

NOVEMBER 2021

1 INHOUD

1 INHOUD

2 INLEIDING

3 RESULTATE

4 KOMMENTAAR

2 INLEIDING

Die Orania Bekostigbaarheidsindeks is die finale van drie jaarlikse opnames deur die Orania Landbouvereniging (OLV) om te bepaal wat die gemiddelde persentasie van voedsel vir Oraniërs op hul besteebare inkomste uitmaak.

Die rede vir hierdie opname is om as maatstaf te dien of die OLV oor tyd in sy doelstellings slaag om voedselsekerheid in Orania te vestig, aldan nie. Hierdie resultate sal ook verskeie nuwe projekte voortbring.

Die opname is gedoen onder individue & huishoudings in Orania en is opgedeel in 4 ouderdomsgroepe:

- 18 – 35 jaar: Jongwerkendes / jong huishouding.
- 36 – 50 jaar: Middeljariges / ouer & groter huishoudings.
- 51 – 65 jaar: gevorderde huishoudings met skoolverlaters (huishoudings word kleiner / nader aftrede).
- 66+ jarige ouderdom: Klein huishoudings / nader aftrede / afgetree.

Ons dank gaan aan elkeen wat deelgeneem het in hierdie opname.

Gerhard Kotzé

Voorsitter

3 RESULTATE

Die laagste persentasie van **10%** is gevind onder beide die 18 – 35 jarige en 65+ jarige groepe.



Die hoogste persentasie van **60%** is gevind onder die 65+ jarige groep.



Die gemiddelde persentasie per groep was:

18 – 35: **20%**

36 – 50: **28%**

51 – 65: **25%**

65+ : **24%**



Die gemiddelde persentasie van die algehele groep tesaam:

Algehele Laagste: **15%**

Algehele Hoogste: **43%**

Algehele Gemiddeld: **27%**



4 KOMMENTAAR

Uit die resultate soos hierbo uiteengesit wissel die gemiddelde tussen 20% en 30% wat voedsel van individue en huishoudings se besteebare inkomste uitmaak onder die onderskeie groepe in Orania.

Die algehele persentasie kom te staan op 27% met ‘n algehele laagste van 15% en algehele hoogste van 43%.

Die algehele gemiddeld van 27% is die belangrikste syfer om met lande wêreldwyd te vergelyk, asook teenoor die res van Suid-Afrika, bv: in die Verenigde State van Amerika het die Amerikaanse Departement van Landbou bekend gemaak dat Amerikaners gemiddeld 8.6% van hul besteebare inkomste in 2020 aan voedsel spandeer het. Wat Suid-Afrika betref het die *Bureau for Food and Agricultural Policy*, ook welbekend as BFAP, hul syfers publiseer en gevind dat in 2020 die armstes in die land gemiddeld 40% van hul besteebare inkomste aan voedsel spandeer, en die rykste groep (Groep 10) slegs 5%.

Dit wil voorkom of Oraniërs tans geplaas is so tussen die boom en die bas. Laat ons by die Landbouvereniging en as gemeenskap daarna strewe om ook hierdie sektor tot sy volle potensiaal te ontwikkel en op gelyke voet te kom met eerste wêreld gemiddelde.